VBO KREDIETE: HOE WERK DIT?

1. SENTRALE VBO DATABASIS

Die VBO forum het in 2018 besluit om in samewerking met ATPS (algemene sinode se taakspan predikantesake) 'n geïntegreerde databasis vir die leraars en gemeentes van die NG Kerk te ontwikkel. Die puntestelsel sal in die toekoms as **VBO punte** bekendstaan (nie CPD-punte soos verkeerdelik in die verlede genoem nie).
Die VBO rekords van die CPD databasis sal ingetrek word in die databasis. Die opsie om voort te gaan met registrasie by CPD is net tot einde Mei 2019 – daarna sal alle VBO punte op die nuwe databasis geregistreer en toegeken moet word.

Die predikant in sinodale diens is deur taakspan predikantesake aangewys om as sinodale administrateur magtiging te kry om VBO data van die sinode in Noord-Kaapland te hanteer.

2. PREDIKANTE / KURSUSGANGERS

Om die eerste keer toegang te kry tot jou profiel, gaan na https://ngkerkdata.co.za/punte.
Hierdie skerm sal dan verskyn:

Die predikant tik sy/haar e-posadres in en klik op ***Stuur skakel***

As gevolg van die groot migrasie, mag die stelsel dalk nog nie die predikant se nuutste e-pos hê nie. In die geval, kontak jou kursus administrateur of ABR om te help.
Hy/sy kry nou as e-pos 'n **permanente** skakel/"link"/URL wat altyd na sy/haar profiel gaan – stoor/"save/bookmark" dit bv. as ***VBOpunte***.
Die e-pos lyk so:



Op die profiel blad is daar ’n teksveld waar ’n kursus kode ingevul kan word om punte aan te meld:



3. VERSLAE AAN RINGE EN GEMEENTES

Dit word aanbeveel dat die punte jaarliks op ringsvlak hanteer sal word.

Die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuing het op 5-6 November 2018 die volgende besluit geneem:

Die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuing besluit om onderstaande by die taakspan beplanning en begroting aan te beveel:

1. *Die lede verstaan dat die sinode in Noord-Kaapland tevrede is daarmee dat daar ’n liggaam geskep is wat predikante-aangeleenthede soos beskryf in Agenda Algemene Sinode 2015, behartig.*

   Moderamen Bylaag 3
   Beskrywingspunt Noord-Kaapland Algemene Sinode 2013 en die betaling van jaarlikse registrasiegeld aan die algemene bevoegdheidsraad (ABR) deur Bedienaars van die Woord, bladsy 325

   4. Die verteenwoordigers van Noord-Kaapland is tevrede dat
   4.1 bevoegdheid om as bedienaar van die Woord beroep te word (legitimasie), deur die Algemene Sinode verleen of ontneem kan word slegs op aanbeveling van kuratoria en ringe (vgl Artikel 7 van die Kerkorde);
   4.2 ’n register van gelegitimeerdes deur ’n gevolmagtigde liggaam namens die Algemene Sinode geadministreer word, in oorleg met sinodes, ringe en kerkrade;
   4.3 die Algemene Sinode sekere take of funksies vir die kerkverband verrig met betrekking tot die beroepbaarheid van gelegitimeerdes, omrede die ander kerkvergaderinge dit nie self kan doen nie. Tot dié take of funksies hoort:
   4.3.1 die hou van ’n behoorlike register van gelegitimeerdes;
   4.3.2 sertifisering van legitimasie, in oorleg met sinodes, ringe en kerkrade, waar dit verlang word;
   4.3.3 formulering van beleid oor die verlening, behoud, opskorting en beëindiging van legitimasie;
   4.3.4 behartiging van legitimasiegeleenthede;
   4.3.5 verskaffing van die korrekte inligting vir die samestelling van die Jaarboek betreffende gelegitimeerdes wat nie as bedienaars van die Woord in diens van gemeentes of die kerkverband staan nie;
   4.3.6 verskaffing van die verlangde advies by aansoeke om herstel van legitimasie;
   4.3.7 die toestaan van die behoud van legitimasie, op aanbeveling van die ring en die kerkraad, aan persone wat ingevolge Artikel 11, óf ingevolge Artikel 12.7.2 en 12.7.3 óf ingevolge die Reglement vir Vaste Termynposte óf ingevolge die verplasing van eggenote demissie wil ontvang;
   4.3.8 administrasie van die bevinding van tug- en appèlsake wanneer dit die behoud, opskorting of beëindiging van legitimasie raak;
   4.3.9 administrasie van VBO-krediete van gelegitimeerdes wat nie as bedienaars van die Woord in diens van gemeentes of die kerkverband is nie en waarvan die administrasie nie deur een van die kuratoria behartig kan word nie;
   4.3.10 dien as professionele liggaam vir pastorale beraders.
2. *Die lede verstaan verder dat die beginsel ook by die Algemene Sinode aanvaar is dat die predikante nie vir die betaling van hierdie liggaam verantwoordelik moet wees nie, omdat dit die kerkrade is wat die voordeel van die sisteem geniet. Dit moet dus eerder die kerkrade wees wat die jaarlikse betaling moet doen.*
3. *Ons versoek dat die Algemene Sinode hierdie saak sal afhandel en streeksinodes en predikante so spoedig moontlik sal inlig oor die finale reëling.*

4. VBO: OOREENGEKOME AANTAL PUNTE PER TYDSGLEUF EN PER JAAR

Jare na Formele Studie	Totale aantal punte vir tydsgleuf (verwagting)	Aanbevole aantal ure per jaar
0 - 3 jaar	300	100
4 - 10 jaar	350 (per 7 jaar gleuf) 210 (per 7 jaar gleuf vir kapelane, tentmakers en predikante met bevoegdheid in ander beroepe)	50 30
10 jaar +	350 (per 7 jaar gleuf) 210 (per 7 jaar gleuf vir kapelane, tentmakers en predikante met bevoegdheid in ander beroepe)	50 30

5. OPSOMMING VAN MANIERE OM KREDIETE TE VERKRY (PER JAAR)

Tipe Voortgesette Bedienings Ontwikkeling	**Aantal krediete (word in geval van kursusse bereken teen ongeveer 1 krediet per uur klas onderrig)**	**Prosedure**
A **Kursusse/Studiegroepe** aangebied deur die algemene sinode se VBO diens-verskaffers.	Maksimum 30 krediete (bv. vir ’n drie dag kursus) In oorleg met die kursus aanbieder kan na gelang van die duur van die kursus 15-20 krediete met die bywoning van die kursus verwerf word en 10-15 punte met die afhandeling van ‘n werkstuk.	Kursusgangers ontvang direk na afloop van die kursus die kursuskode en waar op ‘n werkstuk ooreengekom is, na inhandiging en kontrolering van die werkstuk op ‘n vasgestelde datum ’n kode.
B **Konferensies en/of eendag kursusse/ Werkswinkels** aangebied deur die algemene sinode se VBO diensverskaffers	Maksimum 10 krediete	Kursusgangers ontvang direk na afloop van die konferensie of werkswinkel die kursuskode.
C **Vol VBO Geakkrediteerde Kursusse wat** deur enige ander instansie aangebied word en by die VBO-forum aansoek gedoen het om akkreditasie	Maksimum 30 krediete. (Maak egter doodseker of die kursus wel geakkrediteer is deur met Shepherd te skakel voordat u die kursus bywoon)	Kursusgangers ontvang direk na afloop van die kursus die kursuskode

D **Mentoraat** Persone wat die mentorskap kursus deurloop het kwalifiseer om as mentor krediete te verwerf. Ten minste 10 ure kontak per jaar word veronderstel.	Maksimum 10 krediete per jaar vir mentor sowel as mentee	Die ringsverteenwoordiger van die taakspan predikanteversorging verneem jaarliks tydens die ringsitting wie kwalifiseer vir krediete ten opsigte van mentorskap en gee die name deur aan die sinodale kantoor. Die kode wat jaarliks deur die taakspan predikanteversorging se portefeulje VBO aangevra word, sal elektronies aan die persone versend word.
E **Verdere Studie (akademies)**	100% vir magister oor 2 jaar EN 100% vir doktoraal oor 4 jaar EN 4 jaar vir ‘n bedienings/ praktyk gerigte M.	Met die nadere afhandeling van u studies meld u skriftelik aan by die taakspan predikanteversorging se VBO portefeulje. Hulle skakel met Shepherd vir die uitklaring van krediete en kodes. Krediete word toegeken op datum van graduering terugwerkend.
F **Aanbieding en/of ontwikkeling van VBO Kursusse** (op versoek van VBO Forum of voorgelê en landwyd aanvaar)	Dieselfde as vir die wat die kursusse deurloop (vir aanbieding een keer per jaar vir maksimum van drie jaar van toepassing).	Die taakspan predikanteversorging se portefeulje VBO, klaar die kodes uit met Shepherd. Dit word aan u verskaf direk na afloop van u aanbieding van die kursus.
G **Wetenskaplike Artikels of Studie stukke vir kerklike kommissie of die bywoning en deelname Akademiese Vak- en Werkgemeenskappe.**	Maksimum 10 krediete per artikel of voordrag by kongres per jaar. ’n Studiestuk van ten minste 6000 woorde moet gelewer word, om te kwalifiseer vir maksimum krediete.	Ringe en kommissies van die sinode dien jaarliks voor 30 September die taakspan met ’n aanbeveling. Die taakspan verkry op grond van u aanbeveling die kodes, waarna die kodes aan indiwidue elektronies versend word.

H **Rings, sinodale kursusse, werkswinkels, seminare en studietoere (Nie-formele VBO aktiwiteite)**	Maksimum 20 krediete (sien opmerking hieronder) **	Ringe en sinodale kommissies dien die taakspan predikanteversorging se portefeulje VBO jaarliks voor 30 November met voorstelle in die verband. Die taakspan predikanteversorging se portefeulje VBO, klaar die kodes uit met Shepherd. Dit word aan u verskaf direk na afloop van u aanbieding van die VBO geleentheid.
I **Selfstudie**: a) Teologiese boeke en artikels	Maksimum 20 krediete per jaar 5 punte vir 'n teologiese boek 2 punte vir 'n teologiese artikel 2 punte per uitgawe van kruisgewys	Nadat jy 'n boek of akademiese artikel gelees het, skryf jy 'n verslag in die volgende formaat: 1. 'n Opsomming van die inhoud (300 woorde) 2. 'n Kritiese evaluering van die inhoud (300 woorde) 3. 'n Samevatting van wat die inhoud van die boek vir jou in die bediening beteken het (300 woorde) Stuur dit aan die sinodale kantoor vir plasing op die webblad van die Sinode in Noord-Kaapland. Na die taakspan predikanteversorging se vergadering in die derde kwartaal word die kodes aan indiwidue elektronies versend.
b) Enige ander teologiese kursus of leeraktiwiteit wat nie deur die VBO forum geakkrediteer is nie	Maksimum 10 krediete per jaar	Op CPD Solutions se webblad is daar ruimte om in hierdie geval vir jouself sonder die verkryging van enige kode, na eie goeddunke 'n maksimum van 10 punte per jaar toe te dien. (Klik nadat ingeteken op "*CPD points manually captured*" en voltooi besonderhede.)

H **
Rings, Sinodale kursusse, werkswinkels, seminare en studietoere (Nie-formele VBO aktiwiteite)

6. AKKREDITERING VAN AKTIWITEITE WAT NIE DEEL IS VAN DIE FORMELE VBO-PROGRAM NIE – RIGLYNE VIR RINGE EN SINODALE KOMMISSIES

Die volgende reëlings geld vir die registrasie van VBO-punte:

- Moontlike VBO-punte vir predikante se **nie-formele VBO-aktiwiteite** word deur die betrokke ring oorweeg (nie-formele VBO-aktiwiteite is alle aktiwiteite wat nie deel vorm van ons kerk se formele VBO-program nie, maar wat na die betrokke ring/sinodale kommissie se mening tog 'n bydrae gelewer het tot die ontwikkeling van predikante se bedieningsvaardigheid, bv kursusse en konferensies, seminare of studietoere wat nie formeel geakkrediteer is vir VBO-punte nie.
- In gevalle waar sulke aktiwiteite beplan word, lê die ring of betrokke sinodale kommissie die aktiwiteit voor vir oorweging op 'n vergadering van die ring of kommissie.
- Ringe en sinodale kommissies dien die taakspan predikante versorging se portefeulje VBO jaarliks voor 30 November met voorstelle in die verband. (Vorms vir die doel word deur die taakspan voorsien)
- Die maksimum punte wat per jaar deur ringe/sinodale kommissies toegeken kan word, is ***20*** *vir* ***nie-formele VBO-aktiwiteite*** .
- Die volgende riglyne moet in gedagte gehou word wanneer ringe oorweging skenk aan die toekenning van VBO-punte vir nie-formele VBO-aktiwiteite en mentoraatsverhoudings:
    - VBO het ten doel om predikante se ***bedieningsvaardighede*** verder te ontwikkel. Op hierdie manier word predikante se bedieningsvreugde verhoog én kry gemeentes die geleentheid om so goed as moontlik bedien te word.
    - Aktiwiteite wat deel is van predikante se normale bediening, en wat dus die ***toepassing*** van vaardighede insluit, kwalifiseer nie vir VBO-punte nie (bv 'n Bybelskool wat vir lidmate aangebied word of die voorbereiding/lewering van 'n preek).
    - VBO-punte word bereken teen ***een punt vir elke uur*** se deelname aan 'n toerustings- of leerervaring
    - Erkenning vir nie- geakkrediteerde ***studietoere*** word bereken teen een VBO-punt per drie uur blootstelling (met 'n maksimum van 20 punte soos hierbo aangedui).